## Ken ons veldblomme

# DIE SEEROOGBLOM

**L. Zietsman**

Van die interessantste veldblomme wat in die Vrystaat aangetref word, is die bolplante. Baie van hulle het 'n uiters kort groeiseisoen. Dit bly altyd 'n heerlike verrassing om skielik op 'n dag 'n blom hier onder jou voete raak te sien, en as jy opkyk sien jy hier en daar en sommer oral skielik blomme.

Een van hierdie bolplante wat volop in die Vrystaat voorkom, is *Ammocharis coranica*. Ammocharis is afgelei uit die Grieks: **ammos** (sand) wat verwys na die grondvoorkeur van die plant en **charis** wat verwys na die plant se opvallende skouspelagtige bloeiwyse. *A. coranica* is in 1816 beskryf op grond van 'n blommende plant wat Burchell in 1812 in die destydse Koranna-grondgebied, nou Vryburgdistrik, versamel het.

Drie spesies van *Ammocharis*, nl. *A. coranica, A. tinneana* en *A. herrei*, kom wydverspreid in Suid-Afrika, uitgesonderd die Suid-Wes Kaap, voor.

*A. coranica* staan algemeen as Gifbol, Berglelie of Seeroogblom bekend. Baie van die bolplante met groot opvallende bloeiwyses behoort, soos *Ammocharis*, aan die leliefamilie Amaryllidaceae en gevolglik is van die genera soos *Nerine, Boöphane, Brunsvigia* en *Haemanthus* ook onder die algemene name van *Ammocharis* bekend.

Die blare en bloeiwyse van die Seeroogblom verskyn vanaf November tot Januarie bo die grond mits genoegsame somerreën geval het. Die afgeplatte bloeisteel verleng vinnig en groei skuins van die grond af weg. Die bloeiwyse is 'n groot skerm wat aan die bo-punt van die bloeisteel gedra word. Tot 50 tipiese gesteelde lelie-agtige blomme word per bloeiwyse gedra. Die bloeiwyses se kleur kan wissel van ligpienk tot amper donkerrooi. Daar word dikwels twee bloeiwyses per bol gevorm.

Die 10 tot 14 blare van die Seeroogblom is bandvormig en groei in twee rye plat op die grond sodat dit waaiervormig vertoon. Die blare kan tot 40 cm lank word en is gemiddeld sowat 5 cm breed. Aan die einde van 'n groeiseisoen sterf die blare van die punte af terug. Daar is waargeneem dat die blare tot drie maal in een somerseisoen afgesterf het en na goeie reën weer uitgeloop het.



Die bolle van die Seeroogblom word tot 16 cm in deursnit en is met droë bruin skubbe bedek. Die skubbe word deur die Swazis verbrand en die verkoolde materiaal word dan gebruik by die maak van hoofbande vir hul kapteins en hoofmanne. Sommige stamme verwyder die skubbe en kook dan die oorblywende bolgedeelte tot 'n taai swart pasta waarmee hulle hul kleipotte waterdig en heel maak. Die bol is klaarblyklik giftig, maar die blare en bloeiwyse word deur vee gevreet.

Die sade is vlesig en kan net soos die van *Crinum spp.*, byvoorbeeld die Oranjerivierlelie, sonder vog ontkiem. Soms ontkiem die sade reeds in die verdroogde vrughok.

Die Seeroogblom is nie 'n tipiese tuinplant nie, maar tog 'n interessante plant om in jou tuin te hê. Bolle moet min verplant word, want die plant kan dan 'n paar jaar neem om weer te blom. Die plant vereis in die somer baie water maar 'n droë rustyd in die winter.

**BIBLIOGRAFIE**

ELIOVSON, S 1984 *Wild flowers of Southern Africa* Hong Kong Dai Nippon

FABIAN, A & GERMISHUIZEN G 1982 *Transvaal Wild Flowers* Johannesburg Macmillan South Africa

SMITH, C A 1966 *Common names of South African plants* Pretoria Department of Agriculture